**VRAAG 1** **100 punte**


Die Batsumi-nasie is ’n Setswana-sprekende groep mense wat ’n 1 400 $km^2$-gebied in Suid-Afrika besit en bewoon. Die grond is deur die Motsumi Development Trust (‘die Trust’) verkry deur die gemeenskap se hulpbronne in die belang van en tot voordeel van die Batsumi-nasie saam te voeg.

In 1924 is ’n deel van die rif wat die wêreld se grootste platinumgroepmetale-neerslag bevat, ontdek op die grond wat deur die Trust besit word. Mynregte is uitgereik aan maatskappye wat platinumgroepmetale (PGMe) vanuit die rif ontgin, in ruil vir tantième betaalbaar aan die Trust.

Die Trust het ’n volfiliaal, Motsumi Investment Holdings Bpk (‘Motsumi Holdings’) gestig, om die rykdom van die Batsumi-nasie te laat groei en te beveilig. Dit is die Trust se verantwoordelikheid om ’n beleggingsmandaat en strategie, asook ’n dividendbeleid, aan Motsumi Holdings te verskaf. Motsumi Holdings het verskeie reëlings aangegaan om ’n diverse portefeulje op te bou, met inbegrip van die onderstaande:

1 ’n Ooreenkoms is met Bapong Bpk (‘Bapong’), ’n groot genoteerde platinum mynmaatskappy, aangegaan om ’n 12,4%-ekwiteitsaandeelhouding in Bapong te verkry.
2 ’n Ooreenkoms is met AM-Plats Bpk aangegaan om ’n gesamentlike onderneming, Mot-Plats Bpk (‘Mot-Plats’), te skep om ’n platinummyn te bedryf om die minerale op die grond wat deur die Trust besit word, te ontgin. Hierdie gesamentlike onderneming is in 2010 op die Johannesburgse Aandelebeurs genoteer.
3 Verkryging van ’n verskeidenheid ander beleggings (bv. in die finansiële-dienste-, eiendom-, en olie- en gas-infrastruktuursektore).

Die diagram hieronder illustreer die verskillende portefeuljes wat gehou word:



Jy is 'n junior finansiële bestuurder by Motsumi Holdings. Jy het die onderstaande opsomming, wat al die bates van Motsumi Holdings uiteensit, voorberei:

| Samestelling van Motsumi Holdings se beleggingsportefeulje soos op 31 Desember 2018 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | **Beta-faktor** | **2018** | **J-t-J % verande-ring[1]** | **2017** |
| | | **R miljoen** | | **R miljoen** |
| **1 Markwaarde van genoteerde beleggings** | | **32 155** | | **29 467** |
| ***Hulpbronne*** | | | | |
| Bapong | 1,7803 | 1 499 | – 24,1% | 1 975 |
| Mot-Plats | 0,8857 | 2 837 | – 21,4% | 3 608 |
| ***Finansiële dienste*** | | | | |
| Rand Corporate Bank Holdings | 0,8850 | 16 765 | 19,2% | 14 061 |
| Rand Corporate Insurance Holdings | 0,9143 | 10 229 | 15,3% | 8 870 |
| ***Eiendom*** | | | | |
| Propvest | 0,3197 | 825 | – 13,4% | 953 |
| | | | | |
| **2 Direkteure se waardasie van ongenoteerde beleggings** | | **1 538** | | **1 655** |
| Mining and Oil & Gas Services SA (Edms) Bpk | | 1 538 | – 7,1% | 1 655 |
| | | | | |
| **3 Kontant** | | **138** | – 13,8% | **160** |
| | | | | |
| **Bruto batewaarde** | | **33 831** | | **31 282** |

1 *Die jaar-tot-jaar % (J-t-J %) verandering verteenwoordig die verandering in die markwaarde of direkteurswaardasie van die bates in die portefeulje. Motsumi Holdings het nie die persentasies van sy aandeelhouding in die onderliggende beleggings gedurende die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2018 (FJ2018) verhoog of verlaag nie. Afgesien van sy belegging in Mining and Oil & Gas Services SA (Edms) Bpk ('MoG SA'), beheer Motsumi Holdings geeneen van die beleggingnemermaatskappye nie.*

Die onderstaande is 'n kort oorsig van elk van die beleggingnemermaatskappye in die Motsumi Holdings-portefeulje:

| Beleggingnemer | Oorsig |
|---|---|
| Bapong | Bapong is een van die wêreld se toonaangewende platinum- en geassosieerde PGM-mynmaatskappye wat nagenoeg 25% van die wêreldwye PGMe produseer. |
| Mot-Plats | Mot-Plats is 'n genoteerde vlak-diepte platinum mynmaatskappy wat in swart beheer is en in die Noordwesprovinsie handel dryf. |
| Rand Corporate Bank Holdings Bpk | 'n Beleggingsmaatskappy met 'n 33,9%-aandeel in 'n groot, toonaangewende Suid-Afrikaanse bankgroep. |
| Rand Corporate Insurance Holdings Bpk | 'n Beleggingsmaatskappy wat 'n portefeulje van beleggings in 'n aantal van Suid-Afrika se belangrikste versekeringsmaatskappye besit. |
| Propvest Bpk | 'n Toonaangewende Suid-Afrikaanse eiendomsmaatskappy wat eiendombates in Suid-Afrika, Mauritius en Europa besit. |
| MoG SA | Motsumi Holdings besit 'n 51%-aandeel in MoG SA, wat in die olie- en gas-infrastruktuursektor van Suid-Afrika, ander Afrikalande en die Midde-Ooste bedrywig is. MoG SA besit en bedryf brandstof- en gas- pyplyne asook brandstof-stoordepots.<br><br>MoG SA het 'n teikenverhouding van skuld tot ondernemingswaarde van 50% en 'n effektiewe belastingkoers van 28%. Motsumi Holdings se korporatiewe finansiële adviseurs het onlangs beraam dat MoG SA se beta-koëffisiënt sonder hefboomfinansiering (ongerat) 0,7833 is. |


© SAICA 2019

**Befondsing van die Motsumi Holdings-portefeulje**

Die billike waarde van die skuld wat gebruik is om die Motsumi Holdings-portefeulje soos op 31 Desember 2018 te befonds, is R8 370 miljoen en bestaan uit die onderstaande:

1 Skuldbriewe: Die 5 000 skuldbriewe is aan die begin van Januarie 2017 teen hul nominale waarde van R1 miljoen elk uitgereik. Die skuldbriewe moet op 31 Desember 2021 teen nominale waarde afgelos word, op welke tydstip soortgelyke skuld verkry sal word om die skuldbriewe wat afgelos word, te vervang. Die skuldbriewe betaal halfjaarliks rente teen ŉ vaste jaarlikse nominale koers van 9,5%. Sou ŉ vyfjaartermyn-skuldbrief nou uitgereik word, sou die mark verwag om ŉ jaarlikse opbrengs van 9%, halfjaarliks betaalbaar, op die instrument te verdien.

2 Mediumtermynlenings verkry van plaaslike banke: Die rentekoerse van toepassing op hierdie lenings is gelykstaande aan ŉ gemiddelde nominale rentekoers van 9,25% per jaar.

**Markdata soos op 31 Desember 2018**

| | |
|---|---|
| Prima oortrokke uitleenkoers | 10,00% |
| Driemaand JIBAR[2] | 6,92% |
| 6,75% R208 staatseffekte (aflossing 2021) | 7,91% opbrengs |
| 10,5% R186 staatseffekte (aflossing 2026) | 8,93% opbrengs |

[2] *Johannesburg Interbank Agreed Rate.*

Die aandelemark risikopremie is 6%.

**Beleggingsgeleenthede**

Motsumi Holdings se Beleggingskomitee oorweeg tans twee potensiële beleggingsgeleenthede.

**Geleentheid 1: Veldtog vir die verkryging van ekwiteit wat Bapong van stapel wil stuur**

Bapong het deur middel van ŉ SENS-aankondiging op 11 Januarie 2019 aangekondig dat die maatskappy van voorneme is om nagenoeg R4,36 miljard (Eng.: 'billion') deur middel van ŉ regte-uitgif te verkry. Die opbrengs van die regte-uitgif sal gebruik word om sekere skuldfasiliteite af te los. Die openingsprys van die Bapong-aandele was op 11 Januarie 2019 R35,69 per aandeel, maar die aandeelprys het na die aankondiging van die regte-uitgif tot R34,20 geval. Die onderstaande is ŉ uittreksel vanuit die omsendbrief wat aan die Bapong-aandeelhouers gestuur is:

**Bapong Bpk**
**Uittreksel uit omsendbrief insake regte-uitgif**

**Bepalings**

9.1 Bestaande aandeelhouers sal geregtig wees daarop om een aandeel vir elke vyf bestaande aandele wat in Bapong gehou word, teen ŉ inskrywingsprys van R30,34 per aandeel op te neem.
9.2 Die regte-uitgif sluit op 31 Maart 2019.


© SAICA 2019

Die onderstaande inligting, wat jaarliks op 31 Desember gemeet word, is aan die lede van Motsumi Holdings se Beleggingskomitee verskaf:

| Aanwyser | 2018 | 2017 | 2016 | 2015 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|
| Bapong gewone aandele uitgereik (miljoen) | 718,55 | 718,55 | 607,08 | 607,05 | 606,91 |
| Bapong sluitings-aandeelprys (per aandeel) | ZAR35,99 | ZAR47,40 | ZAR62,77 | ZAR111,94 | ZAR96,35 |
| Platinumprys (per ons) | USD886,50 | USD905,70 | USD891,50 | USD1 210,90 | USD1 375,20 |

Bapong het gedurende FJ2017 ŉ regte-uitgif gehad waartydens nagenoeg R5,5 miljard ingesamel is. Bapong het sedert 2014 nie ŉ dividend aan aandeelhouers verklaar of uitbetaal nie.

**Geleentheid 2: Verkryging van ŉ aandeel in Ezempilo (Edms) Bpk**

Die hoof uitvoerende beampte (HUB) van Ezempilo (Edms) Bpk ('Ezempilo'), me Nonni Khumalo, het die Beleggingskomitee van Motsumi Holdings onlangs genader. Sy is bewus van die Batsuminasie se verbintenis tot gemeenskapsontwikkeling, en is oortuig dat Motsumi Holdings ŉ belangrike sakevennoot sou kon wees, by wyse van ŉ belegging in Ezempilo se uitbreiding na Mosambiek.

***Agtergrondinligting oor Ezempilo***

Nonni het twee passies in die lewe: oefening en kinders. Sy het hierdie passies gekombineer toe sy Nonni's Gym 15 jaar gelede in Umlazi gestig het. Die gimnasium ('gim') het oefenklasse aan kinders en werklose volwassenes in die gemeenskap gebied met die hoofdoel om hierdie individue op ŉ gesonde manier besig te hou. Nonni's Gym het gou baie gewild geraak. Nonni het begin om ŉ klein bedraggie as ledegeld te vra van daardie gimgebruikers wat dit kon bekostig, wat haar in staat gestel het om die gim uit te brei en bykomende toerusting te koop. Nonni het hierdie konsep geleidelik in ander gebiede herhaal en teen 2013 was sy die alleenaandeelhouer van Ezempilo, ŉ maatskappy wat 12 gims in KwaZulu-Natal besit het. Ezempilo het ŉ 31 Desember finansiële jaareinde. Die gims het nie meer ŉ gratis lidmaatskapopsie nie.

***Aandeelverkoopooreenkoms***

Migos Capital ('Migos'), ŉ privaat ekwiteitsfirma, het in 2014 die enorme potensiaal van die Nonni's Gym-konsep raakgesien en al die Ezempilo uitgereikte aandele by Nonni gekoop. As deel van die verkoopooreenkoms moes Nonni vir ten minste vyf jaar as HUB van Ezempilo aanbly, met die opsie om haar dienskontrak daarna te verleng.

***Huidige ontwikkelings***

Ezempilo het sy lidmaatskapbasis sedert 2014 vergroot, en die maatskappy bedryf tans 20 gims oor Suid-Afrika heen. Ezempilo het gedurende die tweede deel van 2018 besluit om sy reeks gims na Mosambiek uit te brei om voorsiening te maak vir die plaaslike gemeenskappe asook buitelandse besoekers aan daardie land. Ezempilo het teen die einde van November 2018 drie gims in die Mosambiekse toeristesentrums van Xai-Xai, Inhambane en Maputo geopen.

Kort na die drie gims in Mosambiek geopen is, het Migos aangekondig dat die firma van voorneme is om sy belang in Ezempilo te verkoop, wat die rede is waarom Nonni met die Beleggingskomitee van Motsumi Holdings in gesprek getree het. Sy het Motsumi Holdings genader om te bepaal of die maatskappy belang sou stel om deel te neem aan die uitkoop van 100% van die Ezempilo-aandele. Nonni beskik oor beperkte fondse om ŉ belang in Ezempilo te bekom.

Sy het die onderstaande transaksiestruktuur aan Motsumi Holdings voorgestel:

- ʼn Nuwe maatskappy (Newco) sal gestig word om ʼn 100%-aandeel in Ezempilo vir R45 miljoen van Migos te bekom;
- Motsumi Holdings sal ʼn rentedraende lening van R30 miljoen aan Newco toestaan om Newco in staat te stel om die verkryging van aandele in Ezempilo te befonds. Daar moet nog oor die bepalings van die lening onderhandel word; en
- Nonni en Motsumi Holdings sal aandele in Newco vir ʼn totale inskrywingsprys van R15 miljoen opneem. Nonni sal R9 miljoen van haar eie fondse belê om 60% van die uitgereikte aandelekapitaal van Newco op te neem. Motsumi Holdings sal R6 miljoen belê om ʼn 40%-aandeel in Newco te bekom.

***Inkomste***

Inkomste word uit maandelikse en jaarlikse ledegelde gegenereer en Ezempilo se inkomste het die afgelope drie finansiële jare, naamlik FJ2015, FJ2016 en FY2017, met tussen 30% en 45% per jaar toegeneem. Nonni het ʼn verhoging van ten minste 30% vir die FJ2018 belowe.

Motsumi Holdings het AB Consulting Services (Edms) Bpk (‘AB Consult’) opdrag gegee om ʼn redelike sorgondersoek (Eng.: ‘due diligence investigation’) van Ezempilo uit te voer as deel van sy evaluering van die beleggingsgeleentheid. Motsumi Holdings het spesifiek versoek dat AB Consult die inkomstestelsel moet evalueer, aangesien die maatskappy bekommerd is oor die risiko dat Ezempilo moontlik fiktiewe lidmaatskappe erken om die inkomstesyfers wat in sy finansiële state gerapporteer word, op te stoot. ʼn Uittreksel uit die AB Consult-verslag aan die Beleggingskomitee volg op bladsye 6 tot 8.

***Ouditeure***

Sharp Auditors Ing. (‘Sharp’), ʼn klein ouditfirma geleë in Umlazi, is die Geregistreerde Ouditeur van Ezempilo. Sharp het een vennoot, mnr Mcebisi Mkhize, wat ʼn GR(SA) en Geregistreerde Ouditeur is, en agt werknemers bestaande uit ʼn ouditbestuurder, vier leerlingrekenmeesters en drie ondersteuningspersoneellede.

Sharp is sedert Ezempilo se stigting, die maatskappy se ouditeur. As ʼn jong man het Mcebisi sy vrye tyd by die oorspronklike Nonni’s Gym deurgebring en goed bevriend geraak met Nonni. Mcebisi het nog altyd ʼn lewendige belangstelling in inligtingstegnologie gehad en hy het Nonni ʼn paar jaar tevore bygestaan met die rekenarisering van Ezempilo se lidmaatskap-inligting.

Mcebisi was ook betrokke by die aanvanklike keuring en implementering van die huidige sagtewarepakket vir lidmaatskap-administrasie, bekend as *Wizard,* en ʼn rekeningkunde sagteware-toepassing (Eng.: ‘application’), bekend as *Amabhuku,* wat deur Ezempilo gebruik word. Hy was so beïndruk met hierdie stelsels dat hy die verspreidinglisensies daarvoor bekom het. Wanneer ʼn nuwe gim geopen word, kontak Nonni hom altyd om die stelsels te installeer.

Om die opening van die 15de gim in Junie 2018 te vier, het Nonni 100 eenjaar-lidmaatskappakkette (die duurste pakkette) weggegee aan persone wat tot die maatskappy se sukses bygedra het. Sharp se personeellede het almal sulke komplementêre pakkette ontvang.

Mcebisi glo dat inligtingstegnologie ʼn integrale deel van die ouditproses is en daarom gebruik Sharp die jongste beskikbare ouditsagteware om data-analise uit te voer en met die uitvoering van sy ouditprosedures te help.

| Uittreksel uit redelike sorgverslag | Bladsy 1 van 3 bladsye |
|---|---|
| **Voorberei deur:** AB Consulting Services (Edms) Bpk | |
| **Datum:** 30 November 2018 | |
| **Naam van entiteit**: Ezempilo (Edms) Bpk | |
| **Omvang**: Inkomste-erkenning | |

## 1 Ledegelde

Inkomste word gegenereer uit maandelikse en jaarlikse ledegelde. Alle nuwe lede moet ŉ eenmalige aansluitingsfooi betaal. Hierdie fooi het in 2018 R1 620 beloop. Lidmaatskapgelde word nie op 'n pro-rata basis verminder indien 'n lid gedurende die loop van ŉ maand sou aansluit nie.

Ezempilo het ook kontrakte met Wellness and Rewards Partners (Edms) Bpk ('W&R'), ŉ maatskappy wat sy lede beloon op grond van waar hulle inkopies doen en die aktiwiteite waarby hulle betrokke raak. W&R-lede ontvang kortings op hul ledegelde.

Ezempilo het die onderstaande lidmaatskapplanne:

| Plan | Besonderhede | 2018 maandelikse fooi (indien op ŉ maandelikse basis betaal) | 2018 jaarlikse fooi (indien eenmalig betaal) | Korting vir W&R-lid |
|---|---|---|---|---|
| Wit | Lid besoek slegs een spesifieke gim | R198 | R2 160 | 40% |
| Groen | Lid besoek enige van Ezempilo se gims, maar slegs tussen 08:00 en 16:00 | R398 | R4 380 | 50% |
| Swart | Lid besoek enige van Ezempilo se gims gedurende alle openingstye (05:00 tot 22:00) | R598 | R6 360 | 60% |

Daar word van alle lede, met inbegrip van W&R-lede, verwag om ŉ aanvanklike lidmaatskapkontrak van een jaar te sluit. Daarna verloop lidmaatskap op ŉ maand-tot-maand-basis, tensy lede die jaarlikse fooi betaal. Ledegelde is vooruit betaalbaar. Toegang van lede wat nie hulle ledegelde teen die sperdatum betaal nie, word onmiddellik opgeskort.

Om voorsiening te maak vir mense van ander gemeenskappe wat met vakansie is, familie besoek of vir ŉ kort tydperk vir werk reis, bied Ezempilo ook tydelike daaglikse en weeklikse toegang. Die ad hoc tydelike daaglikse en weeklikse toegangsfooie vir FJ2018 was onderskeidelik R50 en R200.

## 2 Die *Wizard*-stelsel

Ezempilo het ŉ standaard kontrak wat deur alle nuwe lede en lede wat hulle kontrakte hernu, voltooi en onderteken moet word. Die bestuurder by elke gim onderteken die kontrak nadat hy/sy seker gemaak het dat al die tersaaklike besonderhede voltooi is en dat die kontrak deur die lid onderteken is.

Besonderhede van gimlede, nuwe lidmaatskapinskrywings en veranderinge aan lidmaatskapkontrakte word vasgelê op die *Wizard*-stelsel wat op persoonlike rekenaars by elk van die gims, en nie op ŉ sentrale bediener nie, geïnstalleer is. ŉ Unieke elektroniese kode is aan elke gim se *Wizard*-stelsel toegeken en hierdie kode word aangeteken op alle lêeropskrifte (Eng.: 'file headings') wat datalêers vergesel, wat deur die *Wizard*-stelsel gegenereer word. Ondertekende kontrakte word in brandbestande kluise by elk van die gims geliasseer. Elke gim reik kwitansies uit vir ledegelde wat deur lede betaal word, en die besonderhede van die kwitansies word ook op die *Wizard*-stelsel vasgelê. Die *Wizard*-stelsel genereer op ŉ weeklikse basis ŉ lidmaatskap opdaterings-transaksielêer wat al die nuwe en gewysigde lidmaatskapinligting asook kwitansies van lede bevat.

**Voorberei deur:** AB Consulting Services (Edms) Bpk

**Datum:** 30 November 2018

**Naam van entiteit**: Ezempilo (Edms) Bpk

**Omvang**: Inkomste-erkenning

Die lidmaatskap opdaterings-transaksielêer van elke gim word deur middel van ŉ toegewyde datanetwerklyn na die sentrale rekenaar by die maatskappy se Umlazi-hoofkantoor oorgedra. Sodra hierdie inligting ontvang word deur die *Wizard*-stelsel wat op die sentrale rekenaar gelaai is, word die lidmaatskap-databasis outomaties met die relevante data opdateer.

Ontvangstes van daaglikse en weeklikse toegangsfooie word as kontantverkope op die *Wizard*-stelsel aangeteken en ook op ŉ weeklikse basis na die Umlazi-hoofkantoor gestuur en opgelaai en word dan in die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer weerspieël.

**3 Teboekstelling van transaksies**

Aan die einde van elke maand word ŉ inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer deur die *Wizard*-stelsel gegenereer. Nonni het redigeertoegang tot die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer en nadat sy die lêer nagegaan het en die veranderinge aangebring het wat sy nodig ag, word die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer in die *Amabhuku*-rekeningkunde-toepassing ingevoer (Eng.: 'imported'). Die *Amabhuku*-toepassing gebruik die ingevoerde inligting om hul maandelikse ledegeld aan lede te faktureer en om betalings van daardie gelde wat van lede ontvang word, te boek te stel. Dit pos ook die totaal van die huidige maand se inkomstekolom na die inkomsterekening in die algemene grootboek.

**4 Inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer: datastruktuur**

ŉ Uittreksel uit die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer met ŉ steekproef van lede word op bladsy 3 van 3 bladsye tot hierdie uittreksel verskaf.

**5 Bevindinge**

Gebaseer op die stelselbeskrywing en met inagneming van die inkomste en rekeninge-ontvangbaar wat gedurende Junie 2018 plaasgevind het, is daar ŉ risiko dat daar moontlik inskrywings vir fiktiewe lede by die onderskeie gims kan wees. Ons beveel aan dat u ouditeure ŉ ooreengekome proseduresaanstelling uitvoer.


© SAICA 2019

| Uittreksel uit redelike sorgverslag | | | | | | | | | Bladsy 3 van 3 bladsye |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Voorberei deur:** AB Consulting Services (Edms) Bpk | | | | | | | | | |
| **Datum:** 30 November 2018 | | | | | | | | | |
| **Naam van entiteit**: Ezempilo (Edms) Bpk | | | | | | | | | |
| **Omvang**: Inkomste-erkenning | | | | | | | | | |
| **Uittreksel uit Inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer vir die maand geëindig 30 Junie 2018** | | | | | | | | | |
| **Lid nom-mer** | **Gim** | **Datum aangesluit** | **Soort lidmaatskap** | **Opening-saldo: Bedrag uitstaande** | **Huidige maand se fooi** | **Huidige maand se ontvangste van lede** | **Eindsaldo: Bedrag uitstaande** | **W&R-korting** | **Toegangs-verval-datum** |
| | | | | **R** | **R** | **R** | **R** | | |
| 10185 | Umlazi | 01-06-13 | Maandeliks: Wit | 198 | 198 | 396 | – | | 30-06-18 |
| 10203 | Hluhluwe | 01-07-13 | Jaarliks: Swart | – | 530 | 6 360 | (5 830) | | 30-06-19 |
| 11247 | Nongoma | 01-01-15 | Jaarliks: Groen | (2 555) | 365 | – | (2 190) | | 31-12-18 |
| 11251 | Mkuze | 01-01-15 | Maandeliks: Swart | 598 | 598 | 598 | 598 | | 30-06-18 |
| 11260 | Umlazi | 05-01-15 | Maandeliks: Wit | 198 | 198 | – | 396 | | 30-06-18 |
| 12101 | Mkuze | 01-11-15 | Maandeliks: Groen | – | 398 | 398 | – | | 30-06-18 |
| 12109 | Jozini | 01-12-15 | Maandeliks: Swart | – | 359 | – | 359 | 60% | 30-06-18 |
| 12111 | Mtubatuba | 10-12-15 | Maandeliks: Groen | – | 199 | 199 | – | 50% | 30-06-18 |
| 13584 | Mtubatuba | 01-12-17 | Maandeliks: Swart | (675) | 359 | 359 | (675) | 60% | 30-11-18 |
| 13586 | Mtunzini | 01-12-17 | Maandeliks: Swart | – | 598 | 598 | – | | 30-11-18 |
| 13587 | Umlazi | 15-06-17 | Ad hoc: Weekliks | – | 400 | – | – | | 30-06-18 |
| 13588 | Hluhluwe | 18-12-17 | Maandeliks: Swart | 598 | 598 | 598 | 598 | | 17-12-18 |
| 13650 | Umlazi | 01-06-18 | Maandeliks: Wit | – | 198 | 198 | – | | 31-05-19 |
| 13651 | Mtunzini | 01-06-18 | Ad hoc: Weekliks | – | 400 | 400 | – | | 14-06-18 |
| 13652 | Mtubatuba | 01-06-18 | Maandeliks: Wit | – | 215 | 1 620 | (1 405) | 50% | 31-05-19 |
| 13653 | Umlazi | 10-06-18 | Maandeliks: Swart | – | 598 | 598 | – | | 09-06-19 |
| 13654 | Jozini | 15-06-18 | Ad hoc: Weekliks | – | 400 | 400 | – | | 29-06-18 |


© SAICA 2019

SAIGR
DIE SUID-AFRIKAANSE INSTITUUT
VAN GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS
ontwikkel.beïnvloed.lei.

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

| **VRAAG 1 DEEL I – VERLANG** | | **Punte** | |
|---|---|---|---|
| | | **Sub-totaal** | **Totaal** |
| (a) | Bespreek, met ondersteunende berekeninge, die sleutel aangeleenthede wat Motsumi Holdings se Beleggingskomitee moet oorweeg tydens hul besluit of hulle aan die voorgestelde regte-uitgif van Bapong moet deelneem of nie. | 23 | |
| | *Kommunikasievaardighede – logiese beredenering* | *1* | 24 |
| (b) | Bereken die geweegde gemiddelde koste van kapitaal van Motsumi Holdings soos op 31 Desember 2018. | 17 | |
| | Hamada-formule: $\beta_G = \beta_O [1 + (1 - t)(S/E)]$ (Eng.: $\beta_L = \beta_U [1 + (1 - t)(D/E)]$) | | 17 |
| (c) | Bespreek die sleutel aangeleenthede wat Motsumi Holdings se Beleggingskomitee moet oorweeg wanneer hulle evalueer of die maatskappy in Ezempilo behoort te belê, gebaseer op Nonni se voorgestelde transaksiestrukturering. | 16 | |
| | *Kommunikasievaardighede – toepaslike styl* | *1* | 17 |
| **Totaal vir deel I** | | | **58** |


© SAICA 2019

**AANVANKLIKE TOETS VAN BEVOEGDHEID, JANUARIE 2019**

**PROFESSIONELE VRAESTEL 1**

**Hierdie vraag bestaan uit twee dele. Beantwoord elke deel in 'n afsonderlike antwoordboek.**

<table>
<tr><td colspan="2" rowspan="2">VRAAG 1 DEEL II – VERLANG</td><td colspan="2">Punte</td></tr>
<tr><td>Sub-totaal</td><td>Totaal</td></tr>
<tr><td>(d)</td><td>Met verwysing na die inligting in die uittreksel vanuit die redelike sorgverslag, en deur van 'n tabelformaat gebruik te maak –<br>(i) beskryf spesifieke voorbeelde van hoe Nonni die data in die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer vir FJ2018 sou kon manipuleer ten einde haar belofte van 'n verhoging van ten minste 30% in inkomste, te kan nakom; en<br>(ii) beskryf, vir elke voorbeeld genoem, die spesifieke data RGOT- (Eng.: 'CAAT') prosedures wat op die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêers uitgevoer kan word om die manipulasie op te spoor.<br><br>Kommunikasievaardighede – uitleg en struktuur</td><td>11<br><br>11<br><br>1</td><td>23</td></tr>
<tr><td>(e)</td><td>Beskryf die ooreengekome prosedures, afgesien van data RGOT-prosedures, wat jy die ouditeure sou versoek om by elke individuele gim uit te voer om enige inskrywings vir fiktiewe lede op die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer te identifiseer en om die akkuraatheid van die verskillende lidmaatskapplanne wat in die inkomste-en-rekeninge-ontvangbaarlêer weerspieël word, te verifieer.</td><td>6</td><td>6</td></tr>
<tr><td>(f)</td><td>Beskryf, met verwysing na slegs die inligting wat in die gevallestudie vervat word, watter aspekte Mcebisi moet oorweeg voordat Sharp voortgaan om as Ezempilo se ouditeur vir FJ2019 op te tree.<br><br>Kommunikasievaardighede – duidelike uitdrukkingswyse</td><td>12<br><br>1</td><td>13</td></tr>
<tr><td colspan="2">Totaal vir deel II</td><td></td><td>42</td></tr>
<tr><td colspan="2">TOTAAL VIR DIE VRAAG</td><td></td><td>100</td></tr>
</table>


© SAICA 2019